**KONSEP GRONDWET**

**DIE GRONDWET VAN GELOFTELAND, WET NR.1 VAN DIE JAAR SOOS DEUR JHWH (die HERE) BEPAAL**

Wet om die GELOFTELAND tot stand te bring en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

**DEEL I**

1. **AANHEF**

In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God/Elohim, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;

Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring het en hulle as rentmeesters in die land van Sy welbehae gevestig het;

Wat hulle weë deur die geslagte bepaal het;

Wat hulle so wonderlik deur gevare gelei het en wat teen alle menslike verwagting in weer ons soewereine vryheid op wonderbaarlike wyse aan ons geskenk het;

Verklaar ons, dat aangesien ons bewus is van die verantwoordelikheid teenoor JHWH(die HERE) en Sy skepping en van ons totale afhanklikheid van Hom, en aangesien ons uit dankbaarheid vir ons verlossing deur Jesus die Christus/JaHoshua Mashiag, Hom as volk eendragtig wil dien, is ons oortuig van die noodsaaklikheid om gehoorsaam te wees aan Sy Wet.

Daarom sal ons tot Sy eer:-

- ons wette inrig volgens die Bybel om ons land te orden;
- die geloftes wat die stigters en die vaders van ons volk teenoor JHWH (die HERE) deur die Seun, Jesus die Christus/JaHoshua Mashiag aangegaan het, te gedenk en in onderhouding uit te leef;
- ons land en ons vryheid verdedig;
- die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal bevorder;
- in vrede met alle volke en mense probeer lewe.

2. **DOEL VAN DIE STAAT**

Die doel van die Volkshuishouding, en dus die Staat is om deur ons Losser, Jesus die Christus/JaHoshua Mashiag, ons Skepper te verheerlik en te dien en om Sy heilige Naam, JHWH, te vereer en groot te maak. Die doel van die soewereine Volkshuishouding is om ongehinderd as Verbondsvolk die roeping te vervul om by die Naam van JHWH (die HERE) skuiling te soek en om deur die hele samelewing en volksordening as voortdurende offerande Sy lof te verkondig.

In afhanklikheid van JHWH (die HERE) bepaal ons dan die volgende oor ons land:

2.1 **Grondslag**

2.1.1. Sinai-Verbond

As julle nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne.

Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat JHWH (die HERE) gespreek het sal ons doen.

Toe het God (Elohim) al hierdie woorde gespreek en gesê:

(a) Ek is JHWH (die HERE) jou Elohim (God) wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

(b) Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.

(c) Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

(d) Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, JHWH (die HERE) jou Elohim (God), is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

(e) Jy mag die Naam van JHWH(die HERE) jou Elohim(God) nie ydelik gebruik nie, want JHWH sal die een wat Sy Naam ydelik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

(f) Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van JHWH (die HERE) jou Elohim (God); dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want is ses dae het JHWH (die HERE) die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het JHWH (die HERE) die sabbatdag geseën en dit geheilig.

(g) Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat JHWH (die HERE) jou Elohim (God) aan jou gee.

(h) Jy mag nie doodslaan nie.

(i) Jy mag nie egbreek nie.

(j) Jy mag nie steel nie.

(k) Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

(l) Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

2.1.2. Samevatting soos uiteengesit deur JaHoshua Mashiag/Jesus die Christus:

2.1.2.1. (2.1.1(a) tot 2.1.1(f))

Hoor, Israel, JHWH (die HERE), onse Elohim (God), is 'n enige JHWH; en jy moet JHWH (die HERE) jou Elohim (God) liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.

2.1.2.2. (2.1.1.(g) tot 2.1.1.(l))

Afgelei van 2.1.2.1 en gelyk daaraan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen.

2.1.3. Die Van Riebeeck Onderneming

*<u>Die Gelofte van Jan van Riebeeck en mede settelaars, 6 April 1654</u>*

*Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die HERE gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons here en meesters [Here XVII – die Direktuere van die VOC] te bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die HERE wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.*

2.1.4. Die Bloedrivier Verbond:

(a)Die Gelofte is as volg deur JG Bantjes in die amptelike Joernaal aangeteken:

*" dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden), om*
*zoo die HEERE ons de overwinning geven mogt,*
*een Huis tot Zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen – en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbregen,*
*en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Ere van God gevierd mag worden."*

*(b)Op 16 Desember 1838 het JHWH(die HERE) bogenoemde Verbond by Bloedrivier bevestig.*

2.1.5. Die Paardekraal Verbond

(a)Die Gelofte by Paardekraal 14 Desember 1880:

*"Bij Paardekraal, voor die burgers uitmekaar gegaan het, het almal wat teenwoordig was mekaar trouw gesweer en 'n eed geneem, dat indien die HERE God hulle sal help en seën in die strijd vir onafhanklikheid, die volk elke jaar daar op die plek bijmekaar sou kom om Hem te dank en gelofte te betaal.*

Bogenoemde spruit voort uit die volgende genotuleerde onderlinge belofte tydens die Volksvergadering van 10-17 Desember 1879:

*Dat het Volk verklaart, dat het met Gods hulp verlangt eene krachtige Regering*
*der Z. A. Republiek, eerbiediging van de wet, onfwikkeling en vooruitgang van*
*het land en dat het belooft man voor man daartoe te zullen medewerken en de*
*opgetreden Regering te zullen verdedigen tot den dood toe.*
*Zoo waarlijk helpe ons God Almagtig!!*
*Aldus gedaan door ons van het Volk gekozen Voormannen, in naam van het volk*
*der Zuid Afrikaansche Republiek te Wonderfontein, op heden den l5den dag van*
*December 1879.*

Die sogenaamde Paardekraal gelofte is ook gedurende 10-17 Des.1879 geformuleer:

*In de tegenwoordigheid van den Almachtigen God, den kenner aller harten, onder*
*biddend opzien om Zijn genadige hulp en ontferming, zijn wij, Burgers der*
*Zuid-Afrikaansche Republiek, plegtig overeengekomen, gelijk wlj blj dezen*
*overeen[ge]komen, om voor ons en onze kinderen een heilig verbond op te rigten,*
*hetwelk wij met plegtigen eed bezweren. Ruim veertig jaren is het geleden, dat*
*onze vaderen de Kaapkolonie ontvlugt zijn, om een vrij en onafhankelijk volk te*

*worden. Deze veertig jaren waren veertig jaren van smart en lijden. Wij hebben Natal, den Oranje-Vrijstaat en de Z-Afrikaansche [sic] Republiek gesticht, en driemalen heeft de Engelsche Regeering onze vrijheid vertrapt. En onze vlag, die onze vaderen met hun bloed en tranen gedoopt hebben, van den grond gehuld [neergehaal]. Als door een dief in den nacht is onze vrije Republiek weggestolen. Wij kunnen en wij mogen dat nie dragen. God wil, dat de eerbied onzer vaderen en de liefde jegens onze kinderen ons voorschrijft, het erfpand der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren. Daarom is het dat wij hier bijeentreden en dat wij elkander de hand geven, als mannen, broeders, plegtig belovende, trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken tot den dood toe, voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek.*
*Zoo waarlik helpe ons God Almachtig!*
*(b)Op 27 Febuarie 1882 het JHWH(die HERE) bogenoemde Verbond finaal te Majuba beseël.*

2.1.6. Die Majuba Verbond

Gouverments Kennisgeving. No.267

--------------------

ONDERSTAANDE Volksraadbesluit, art. 248,d.d. 31 Mei 1882, wordt hiermede ter algemene informatie gepubliceerd.

Op last,
W.EDUARDBOK,
Staatssecretaris.

Gouvernementskantoor,
Pretoria, 5 Junij 1882

-----------

Volksraadsbesluit art.248, d.d. 31 Mei 1882.
Den 27sten Februarij van elke jaar, de Gedenkdag van den Slag bij Amajuba zal in't vervolg een publieke feestdag en een dag van verootmoediging voor den Heer zijn, voor de groote dingen op dien dag aan het volk gedaan.

**DEEL II**
**GELOFTELAND**

3. **DIE NAAM**
Die Naam van die Staat is Die Teokrasie van Gelofteland.

4. **DIE GRONDGEBIED**
Die inwerkingtreding van hierdie Wet vind plaas vir die grondgebied soos wat deur JHWH (die HERE) ons Skepper bepaal is, soos geproklameer word op die datum wat deur JHWH (die HERE) ons Skepper bepaal is.

5. **DIE UITLEG VAN WETTE**
Die wette wat van krag was tot en met 6 September 1966 in die Republiek van Suid-Afrika, in die gebied ten opsigte waarvan die Parlement wetgewende bevoegdheid besit het, word vanaf die datum in Artikel 4 gemeld, 'n verwysing na die Republiek van Suid-Afrika as 'n verwysing na Die Teokrasie van Gelofteland uitgelê.

**DEEL III**
**NASIONALE VLAG EN VOLKSLIED**

6. **NASIONALE VLAG**
Daar is 'n Nasionale Vlag van Die Teokrasie van Gelofteland met die ontwerp in Artikel 7 uiteengesit.

7. **ONTWERP VAN NASIONALE VLAG**

Die Nasionale Vlag van Die Teokrasie van Gelofteland is 'n samestelling van:

(a) Die Vlag van die Republiek De Oranjevrijstaat, en

(b) Die Vierkleur van De Zuid-Afrikaanse Republiek

soos vergestalt in die ontwerp van die Strydvlag soos wat vertoon is in die Anglo-Boere-Oorlog II.

8. **VOLKSLIED**

Die Volkslied van Die Teokrasie van Gelofteland is die vierde strofe van "Die Stem van Suid-Afrika"

**DEEL IV**
**STAATSHOOF**

9. **OPPERGESAG**

Die Oppergesag oor die Regering van Die Teokrasie van Gelofteland is gesetel in die Koning, JaHoshua Mashiag/Jesus die Christus, die Gesalfde en Seun van JHWH, die Enige en Almagtige Elohim (God). Hy word ook genoem JHWH, ons Geregtigheid. Die Koningskap van JaHoshua Mashiag/Jesus die Christus oor Die Teokrasie van Gelofteland kan nie deur grondwetwysiging gewysig word nie.

Die Geloftevolk word nie slegs regeer deur die Koning nie, maar is vir sy ganse bestaan afhanklik van Sy goedertierenheid en sorg. Die samelewingsordening en funksionering moet bedryf word ter getuienis van hierdie afhanklikheid van JHWH(die HERE), die Almagtige en Alleenwyse God (Elohim). Hieruit moet die intieme verhouding van die volk, die familie, die gesin en die individuele burger tot die Gesalfde bevorder word sodat die totale Volkshuishouding van Sy Majesteit en die goedertierenheid en genade van JHWH(die HERE) sal getuig.

Die Volksbestuur moet met doelgerigte leiding 'n harmonieuse eenheid bevorder waar die individuele burger binne sy betrokke samelewingsverbande vrywillig die wil van JHWH, onse Vader sal begin soek en Sy Naam sal verheerlik.

Elke ampsdraer is in diens van die Gesalfde en so aan ons hemelse Vader verantwoordelik. Alle ampsdraers moet hul lojaliteit en toewyding aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees bevestig met ampsaanvaarding. Bedanking word vereis indien daar enige verandering hieroor intree nadat die amp aanvaar is.

**DEEL V**
**OORGANGSKOMMISSIE**

10. **DOEL VAN DIE OORGANGSKOMMISSIE**

Wanneer JHWH, onse hemelse Vader, die Geloftevolk verhef tot 'n soewereine vrye volk, sal daar geen orgaaninstellings vir volksordening bestaan nie.

Die Oorgangskommissie moet by 'n vooraf vergadering van die Geloftevolk saamgestel word en in stand gehou word. Die voortsettingskomitee soos aangewys op die volksvergadering sal op datum van inwerkingtreding van hierdie Wet as Oorgangskommissie dien.

11. **AANSTELLING VAN DIE OORGANGSKOMMISSIE**

11.1 **Vergadering van die Geloftevolk**

11.1.1. 'n Vergadering sal as behoorlik geag word as 'n vergadering van die volk wanneer behoorlik daartoe kennis gegee is.

Behoorlike kennisgewing word geag as:

(a) Uitreiking van kennisgewing moet 'n minimum van twee-en-veertig dae voor die bepaalde datum geskied.

(b) Kennisgewing deur:

i) vier geskrewe openbare media bedoelende - koerante of tydskrifte

ii) internet kommunikasie

iii) die sakelys moet per internet op 'n webwerf toeganklik wees en moet as sulks geadverteer word.

11.2 **Aanwysing**

Die aanwysing van die Kommissie vind plaas deur voorstelle vanuit die Vergadering. Daar is geen beperking op die getal persone op die Kommissie nie. Die minimum getal is sewe. Wanneer 'n persoon nie eenparig deur die Vergadering aangewys word nie moet die lotsbeslissing die aanwysing bepaal.

11.3 **Termyn**

Die termyn voor die volk se vrywording, word deur JHWH(die HERE) bepaal en is nog aan ons onbekend. Wanneer 'n lid van die Kommissie egter uittree en die Kommissie laat met minder dan sewe lede moet byvoegings by 'n volgende vergadering van die volk gemaak word. Daar is geen beperking op die getal byvoegings wat gemaak kan word nie.

11.4 **Vereistes**

Elke aangewese persoon op die Kommissie moet bevestig dat hy/sy die volle inhoud van die Grondwet onderskryf met die nadruk op die kernaspekte, naamlik:

i) Ek glo in die Almag van JHWH(die HERE), ons Elohim (God), die Elohim (God) van ons vaders en dat ons in die onderhouding van Sy Wet slegs in geregtigheid gestel kan word deur die soenverdienste van JaHoshua Mashiag/Jesus die Christus, die Seun, ons Koning, deur Wie ons hemelse Vader oor ons Volk en oor Sy ganse skepping heerskappy voer.

Deur die Gees van JHWH wat in my werksaam is betuig ek my onverdeelde lojaliteit en eerbetoon tot die grootmaak van Sy Heilige Naam.

ii) Ek onderskryf die Grondwet van Gelofteland ten volle.

iii) Ek sal my beywer vir uitvoering van die Grondwet van die Geloftevolk.

11.5 **Pligte**

(a) Om so gou as moontlik na die inwerkingtreding van die Wet, die proses te begin waardeur die Wetgewende Gesag sy beslag moet kry om binne verloop van maksimum een jaar voltooi te word.

(b) Om regspraak te reël deur die aanstelling van tydelike juridiese ampsdraers.

(c) Om die hele gebied van die volk, tot en met die aanwysing van die eerste Wetgewende Gesag, as een enkele kiesafdeling asook juridiese gebied te bestuur.

(d) Om 'n tydelike staatstesourier en belastingstelsel in te stel.

(e) Om 'n minimum van vier-en-twintig lede vir die Raad van Rigters vir die eerste dienstermyn in diens te stel, afgesien van die getal burgers wat op daardie tydstip hul vryheid opneem in Die Teokrasie van die Gelofteland.

(f) Om 'n tydelike organisasie saam te stel om wet en orde te handhaaf sodat reg en geregtigheid in stand gehou kan word.

(g) Die Oorgangskomitee funksioneer totdat die Wetgewende - en Uitvoerende Gesag saamgestel is ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet.

(h) Indien enige van die oorgangsmaatreëls soos bepaal onder Artikel 11.5(a),(b),(c),(d),(e) en (f) botsend is met enige bestaande wetgewing dan word sodanige wetgewing vir die oorgangsperiode ter syde gestel totdat die Wetgewende Gesag die tussentydse bepaling opgehef het en die bestaande wetgewing weer van krag maak.

(i) Die tussentydse bepalinge onder Artikel 11.5(b),(c),(d), en (f) bly van krag totdat die Wetgewende Gesag elk in besonder met 'n permanente reëling vervang het.

## DEEL VI
## WETGEWENDE GESAG

### 12 RAAD VAN RIGTERS

Die Wetgewer heet die Raad van Rigters (RR).

### 13 WETGEWENDE PROSES

13.1 Die Raad van Rigters moet die landswette formuleer as 'n positivering volgens die Tien Gebooie en ander verordeninge en insettinge van die Bybel en sy eie werkswyse bepaal. Die grondslag van die wette moet sodanig wees dat die volk gerig sal word om JHWH(die HERE)te verheerlik en Sy gebooie te onderhou.

'n Konsep moet debatteer en eenparig goedgekeur word. Indien eenstemmigheid nie bereik kan word nie, moet die vergadering verdaag vir 'n dag van vas en gebed. Gedurende die reses mag lede slegs skriftelike motivering aan mekaar gee vir oorweging. Wanneer die Raad weer vergader vind geen verdere debat plaas nie. Die vergadering word dan gevra of daar enige beswaar gehandhaaf word. Indien enige beswaar gehandhaaf word, moet die lot gewerp word om ons Vader se beslissing te vra. As die lotsbeslissing onbeslis is, moet die opstellers dit weer aan verdere navorsing onderwerp vir latere herhaalde voorlegging. Indien die Wetsontwerp afgekeur word, moet die konsep in die geheel laat vaar word. Indien dit goedgekeur word, word dit op die wetboek geplaas.

13.2 (a) Voordat oorgegaan word tot 'n lotsbeslissing moet ons hemelse Vader in die Naam van die Koning in gebed versoek word om Sy wil deur die lotsbeslissing aan die Raad bekend te maak.

(b) Nadat 'n Wetsontwerp aanvaar is, hetsy deur 'n eenparige besluit, hetsy deur lotsbeslissing, word ons hemelse Vader in gebed in die Naam van die Koning, gedank en versoek dat die Wet sodanig toegepas sal word dat Sy Naam deur die volk geëer en verheerlik word.

(c) Wanneer ‘n Wetsontwerp terug verwys word deur ‘n lotsbeslissing word ons hemelse Vader in gebed, in die Naam van die Koning, gedank vir sy leiding en versoek om aan die opstellers wysheid te gee ten einde uitvoering aan Sy wil te kan gee.

(d) Wanneer ‘n Wetsontwerp verwerp word, word in die Naam van die Koning, ‘n dankgebed tot ons Vader gerig vir Sy leiding.

## 14 SAMESTELLING VAN DIE RAAD VAN RIGTERS (RR)

(a) **Aanwysingsdatum**

Die Goewerneur bepaal ‘n datum waarop Rigters se nominasies geopen word asook finaal voltooi moet wees, asook die datum waarop die Rigters aangewys moet word, sowel as die datums van die dae van vas en gebed.

(b) **Nominasie**

Die land word in kiesafdelings opgedeel en elke kiesafdeling het ‘n Afdelingsraad. Enige burger binne ‘n kiesafdeling waarvan die kiesreg nie opgeskort is mag genomineer word as kandidaat vir die Raad van Rigters om daardie kiesafdeling te verteenwoordig. Enige burger waarvan die kiesreg nie opgeskort is nie, mag ‘n nominasie indien, vergesel van ‘n C*urriculum Vitae* van die kandiaat en met minstens twee sekondante.

Die nominasiebriewe tesame met die vereiste besonderhede moet vir twee weke by alle landdroskantore in die besondere kiesafdeling ter insae van die burgers wees. Enige burger mag ‘n kommentaar of beswaar binne hierdie tyd indien by die landdroskantoor waar ontvangs daarvan erken word.

Besware moet deur twee of meer burgers, wat nie in die eerste graad van mekaar familie is nie, onderteken word.

## 15 KWALIFIKASIES VAN LEDE VAN DIE RAAD VAN RIGTERS

‘n Persoon is nie bevoeg om ‘n lid van die Raad van Rigters kragtens hierdie Wet te wees nie, tensy hy/sy –

(a) bevoeg is om as kieser vir die aanwysing van lede van die Raad van Rigters in een van die kiesafdelings geregistreer te word;

(b) ‘n burger is ooreenkomstig die bepalings van die Wet op burgerskap van Die Teokrasie van Gelofteland;

(c) minstens dertig jaar oud is.

## 16 AFBAKENING VAN KIESAFDELINGS

16.1 Met tussenposes van minstens vyf jaar en hoogstens tien jaar, stel die Goewerneur ‘n Afbakeningskommissie aan, waarvan ‘n regter as voorsitter ageer, wat die land in kiesafdelings verdeel.

16.2 By die verdeling van Die Teokrasie van Gelofteland in kiesafdelings volgens Sub-Artikel 16.1 moet die genoemde Kommissies ooreenkomstig die bepalings van Artikel 17 handel.

## 17 METODE VAN DIE VERDELING VAN DIE LAND IN KIESAFDELINGS

17.1 Vir die doeleindes van die verdeling van Die Teokrasie van Gelofteland in kiesafdelings word die totale getal burgers bepaal wat as stemgeregtigdes kwalifiseer ooreenkomstig die Wet op Burgerskap, volgens die burgerlyste behoorlik verbeter tot op datum sestig dae voor die verkiesingsdatum wat bepaal word deur die aanvangsdatum vir die indiening van nominasies vir die Raad van Rigters.

17.2 Die Teokrasie van Gelofteland word op so ‘n wyse in kiesafdelings verdeel dat elke sodanige kiesafdeling behoudens die bepalings van Sub-Artikel 17.4 ‘n getal burgers bevat wat so na as moontlik gelykstaan met ‘n maksimum afwyking van vyf-en-twintig persent vanaf die gemiddelde getal per kiesafdeling soos bereken oor al die kiesafdelings.

17.3 Die minimum getal kiesafdelings is vier-en-twintig en die maksimum getal burgers per kiesafdeling is tienduisend. Wanneer die totale getal burgers in Die Teokrasie van Gelofteland dit vereis moet die getal kiesafdelings vermeerder word tesame met die hersamestelling van alle bestaande kiesafdelings soos in Sub-Artikel 17.2 bepaal.

17.4 Die Afbakeningskommissie moet behoorlike oorweging skenk aan:

(a) gemeenskaplikheid of verskeidenheid van belange;
(b) verkeersmiddele;
(c) natuurlike kenmerke;
(d) grense van bestaande kiesafdelings;
(e) dunheid of digtheid van die bevolking;
(f) waarskynlikheid van toename of afname in die bevolking;
(g) landdrosdistriksgrense.

18 **MAGTE EN PLIGTE VAN DIE AFBAKENINGSKOMMISSIE**

18.1 Kommissie saamgestel kragtens die bepalings van Artikel 16 word aan die Goewerneur voorlê:

(a) 'n Lys van kiesafdelings met die name wat die Kommissie daaraan gegee het en 'n beskrywing van die grense van elke sodanige kiesafdeling.

(b) 'n Kaart wat elke kiesafdeling aantoon.

(c) Ander besonderhede wat die Kommissie nodig ag.

18.2 Die Goewerneur kan alle sake met betrekking tot so 'n lys of alle sake wat uit die magte of pligte van die Kommissie voortspruit, na die Kommissie vir oorweging verwys.

18.3 Die Goewerneur maak by proklamasie in die Staatskoerant die name en die grense van die kiesafdelings bekend soos hulle deur die Kommissie daarvan finaal vasgestel en gesertifiseer is. Hierdie kiesafdelings bly van krag totdat 'n herverdeling plaasvind.

18.4 In geval van 'n verskil tussen die beskrywing van die kiesafdeling en die voormelde kaart, gee die beskrywing die deurslag.

19 **DIE NOMINASIEHOF**

Die Afdelingsraad tree op as Nominasiehof vir die Raad van Rigters.

19.1 Die Afdelingsraad neem elk van die kandidate se *curriculum Vitae* sowel as kommentare en besware wat ingedien is ter tafel.

Onderhoude word gevoer met:

(a) die verwysings(sekondante)

(b) die beswaar aantekenaars en

(c) die kandidaat

19.2 'n Kandidaat se nominasie word opgeskort indien hy/sy:

(a) Nie die Grondwet ten volle onderskryf nie.

(b) Nie voldoen aan die vereistes van Artikel 15 nie.

(c) Ooreenkomstig ingediende besware onbevoeg is ingevolge Artikel 27.

19.3 Die bevestiging van die nominasies deur die Nominasiehof is finaal.

20 **DIE AANWYSING VAN LEDE VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

20.1 Die dag voor die aanwysingsdatum word bepaal as 'n dag van vas en gebed waarin die volk ons Vader wat in die hemel is se beslissing vra sodat Sy Naam geheilig sal word deur die verkose lede van die Raad.

20.2 Voordat die aanwysing in aanvang neem word die Hof geopen deur Skriflesing en gebed deur die Voorsitter van die Afdelingsraad.

20.3 Op die dag van aanwysing word die lot oor elke kandidaat gewerp deur die Voorsitter van die Afdelingsraad in die Nominasiehof.

20.4 Indien meer as een kandidaat in 'n kiesafdeling aangewys word, moet hulle om die beurt die plig van Rigter vir 'n gelyke tydperke opneem.

20.5 Wanneer die plig van die Rigter verdeel word moet die volgorde van diens deur die lot bepaal word.

20.6 Indien geen kandidaat as Rigter aangewys word nie, moet nuwe nominasies aangevra word soos aangetoon in Artikel 14, Artikel 15 en Artikel 19 en bogenoemde Sub-Artikels 20.1, 20.2, 20.3, 20.4 en 20.5.

20.7 Afgewysde kandidate mag nie weer vir die betrokke termyn genomineer word nie, maar mag wel weer vir 'n latere termyn genomineer word.

21 **VAKATURE OP DIE RAAD VAN RIGTERS**

(a)Wanneer 'n vakature vir 'n kiesafdeling in die Raad van Rigters ontstaan word vir die betrokke kiesafdeling dieselfde prosedure gevolg, soos in Artikel 14, Artikel 15, Artikel 19 en Artikel 20 aangedui word.

(b)Wanneer meer as een Rigter 'n Kiesafdeling verteenwoordig vul die oorblywende Rigter(s) die vakature ooreenkomstig Artikel 20.4.

22 **TERMYN VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

22.1 Die volledige dienstermyn in die Raad van Rigters is vyf jaar.

22.2 'n Lid van die Raad, wat tydens 'n tussentydse vakature in diens getree het, se dienstermyn word ook beëindig aan die einde van die vyf jaar termyn van die Raad van Rigters.

22.3 Alle lede van die Raad wat 'n dienstermyn voltooi, is hernomineerbaar vir 'n volgende termyn.

23 **VOORSITTER VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

23.1 Aanwysing van die voorsitter

(a) Die oudste lid van die Raad tree op as waarnemende Voorsitter totdat die Voorsitter aangewys is.

(b) Enige Rigter mag dien as Voorsitter van die Raad.

(c) Enige Rigter mag ‘n voorstel indien, gesekondeer deur twee Rigters ter nominasie van ‘n Voorsitter.

(d) Die nominasie moet skriftelik ingedien word.

(e) Na sluiting van die nominasie word ‘n dag van vas en gebed vir die Raad van Rigters ingestel waarin ons Vader wat in die hemel is, se beslissing gevra word.

(f) Op die dag hierna werp die oudste in die Raad die lot oor elke kandidaat in teenwoordigheid van die hele Raad.

(g) Wanneer meer as een Voorsitter aangewys word, moet hulle die plig vir ‘n gelyke tydperk om die beurt opneem.

(h) Wanneer meer as een Voorsitter aangewys word moet die kalenderjaar in gelyke dele verdeel word en die beurte voor die hele Raad aan die Voorsitters toegedeel word deurdat die oudste in die Raad die lot werp.

(i) Wanneer die Voorsitter en beurtneming deur die lot bepaal word moet die proses voorafgegaan word met ‘n gebed deur die oudste in die Raad.

(j) Wanneer slegs een kandidaat genomineer word en sonder besware eenparig deur die hele Raad as Voorsitter aanvaar word, dan verval Sub-Artikels 23.1.5, 23.1.6, 23.1.7, 23.1.8 en 23.1.9 van hierdie Artikel.

(k) Na enige aanwysing van ‘n Voorsitter of Voorsitters word die aanstelling bekragtig deur ‘n dankgebed waarin ook ons Vader in die hemel se seën gevra word vir die Voorsitter en die Raad.

23.2 Die Voorsitter hou op om Voorsitter te wees:

(a)Aan die einde van die vyf jaar dienstermyn van die Raad van Rigters;

(b)(Wanneer hy/sy die amp neerlê;

(c)Wanneer hy/sy ophou om lid van die Raad van Rigters te wees;

(d)Wanneer die Raad eenparig besluit om hom/haar van die amp te onthef;

(e)Wanneer die Raad verdeeld is oor die ontheffing van die amp en daar na ‘n dag van vas en gebed deur die lotsbeslissing bevestiging vir die ontheffing verkry word.

23.3 Pligte van die Voorsitter van die Raad van Rigters

Die Voorsitter-

(a) Reël die vergaderings van die Raad binne sessies;

(b) Handhaaf die orde in die Raad;

(c) Sien toe dat prosedures in die Raad voldoen aan die vereistes van die Wet.

(d) benoem ‘n lid om ‘n vergadering te open met skriflesing en gebed en aftesluit met gebed, waar ‘n byeenkoms of byeenkomste oor die verloop van een dag as ‘n vergadering van die Raad geag word;

(e) bevestig nuwe wetgewing;

(f) beraadslaag met die Goewerneur oor die behoeftes met betrekking tot gekose komitees;

(g) reël die aanwysing van gekose komitees vanuit die Raad van Rigters deur die Raad op die voorgeskrewe wyse ooreenkomstig die prosedure soos wat lede van die Uitvoerende Raad aangewys word.

**24 AANWYSING VAN ‘N ADJUNK-VOORSITTER VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

24.1 ‘n Adjunk-Voorsitter word ter gelykertyd met die aanwysing van die Voorsitter aangewys. Die Adjunk-Voorsitter moet die Voorsitter se pligte in sy afwesigheid waarneem.

24.2 Indien die amp van Voorsitter verdeel word, dan ageer ‘n medevoorsitter as Waarnemende Voorsitter tydens die Voorsitter se beurtneming en word geen adjunk – voorsitter aangewys nie.

**25 KWORUM**

Minstens die helfte plus een van die lede van die Raad van Rigters moet aanwesig wees om ‘n vergadering van die Raad vir die uitoefening van sy magte bevoeg te maak. ‘n Vergadering word behoorlik geag na daaglikse opening met skriflesing en gebed en daaglikse afsluiting met gebed. Hierby word uitgesonder sub artikel 65.1 (a).

**26 ONTBINDING VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

Ondanks 'n ontbinding van die Raad ingevolge hierdie Wet, hetsy deur tydsverloop, hetsy andersinds:

(b) bly elke persoon wat op die datum van ontbinding 'n lid van die Raad is, nog 'n lid daarna;

(c) bly die Raad bevoeg om sy werksaamhede te verrig; en

(d) is die Goewerneur bevoeg om die Raad vir die verrigting van werksaamhede byeen te roep gedurende die tydperk na sodanige ontbinding tot en met die dag onmiddellik voor die aanwysing van nuwe lede van die Raad met die verkiesing ingevolge daardie ontbinding gehou, op dieselfde wyse in alle opsigte asof die ontbinding nie plaasgevind het nie.

**27 ONBEVOEGDHEID VIR LIDMAADSKAP VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

'n Persoon is nie bevoeg om as lid voor die Raad aangewys te word of sitting te neem nie, as hy/sy:

(a) te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf waardeur hy/sy gevonnis is tot gevangenistraf sonder die keuse van 'n boete, tensy amnestie of algehele grasie aan hom/haar toegestaan is, of tensy die tydperk van sodanige gevangenisstraf minstens sewe jaar voor die datum van sy/haar aanwysing verstryk het; of

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of

(c) in sy/haar geestesvermoë gekrenk is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is; of

(d) 'n voltydse betrekking in die staatsdiens van Die Teokrasie van Gelofteland beklee, uitgesonder deeltydse dienslewering wat voortspruit uit burgelike verpligtinge.

**28 OOPVAL VAN SETELS**

'n Lid van die Raad van Rigters ontruim sy/haar setel indien hy/sy:

(a)onderhewig word aan 'n onbevoegdheid in Artikel 27 genoem; of

(b) ophou om volgens vereiste van 'n wetsbepaling bevoeg te wees; of

(c) 'n hele gewone sessie afwesig bly sonder spesiale verlof van die Raad, na gelang van die geval, tensy sy/haar afwesigheid te wyte is aan sy/haar diens, terwyl Die Teokrasie van Gelofteland in oorlog betrokke is, in die Weermag of 'n ander mag of diens ingestel kragtens Wet Nr.44 van 1957 van die Republiek van Suid-Afrika.

**29 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

29.1 Die Raad is die soewereine Wetgewende Gesag in en vir Die Teokrasie van Gelofteland, en het volle mag om vir die vrede, orde en goeie regering van die land wette te maak.

29.2 Die Raad moet toesig hou oor die Uitvoerende Raad met landsbestuur ooreenkomstig beleidsbepaling deur die Raad. Ook moet die Raad aan die Uitvoerende Raad rigtinggewende hulp verleen deur gekose komitees.

29.3 Geen Geregshof is bevoeg om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van 'n Wet wat deur die Raad van Rigters aangeneem is nie, behalwe -

29.4 Die Geregshof kan die prosedures wat deur die Raad van Rigters gevolg was beoordeel en besluite op grond hiervan nietig verklaar.

**30 BEVESTIGING VAN WETGEWING**

30.1 Indien 'n Wetsontwerp wat ingevolge Artikel 13 met 'n onbeslisde beslissing van ons hemelse Vader deur die lot, terug verwys word, moet die Wetsontwerp na wysiging weer aan die Raad van Rigters voorgelê word. Die aantal herhalings wat in hierdie proses mag plaasvind is onbeperk.

30.2 Wanneer 'n Wetsontwerp terug verwys word en na wysiging weer voorgelê word en die lotsbeslissing dan negatief is, het dit slegs betrekking op die spesifieke wysiging of wysiginge en het nie betrekking op die beginsel van die Wet wat aanvanklik vir heroorweging terug verwys is nie.

30.3 Wanneer 'n Wetsontwerp terug verwys word en na wysiging weer voorgelê word en die lotsbeslissing dan onbeslis is, word die wysigings nie noodwendig afgekeur nie, maar dui dit wel daarop dat die wysigings nog onvoldoende is.

30.4 Wanneer 'n Wetsontwerp ingevolge Artikel 30.1 deur ons hemelse Vader verwerp word met die eerste voorlegging aan die Raad, word die beginsel van die Wetsontwerp verwerp en mag nie as sulks weer aan die Raad voorgelê word nie.

30.5 'n Wetsontwerp wat ingevolge Artikel 13 met die eerste voorlegging verwerp is word geag dieselfde Wetsontwerp te wees in 'n daaropvolgende voorlegging waarin die gees van die wet identies is met die Wetsontwerp in die eerste voorlegging en slegs veranderings bevat wat aangebring is sedert die eerste voorlegging.

30.6 Wanneer 'n Wetsontwerp in die Raad van Rigters kragtens Artikel 13 of na proses van Sub-Artikel 30.1 aangeneem word, bevestig die Voorsitter die Wet, waarna dit aan die Goewerneur voorgelê word vir ondertekening.

**31 REGISTRASIE VAN WETTE**

Nadat die Goewerneur 'n Wet onderteken het, laat die Sekretaris van die Raad van Rigters 'n eksemplaar van die ondertekende Wet opneem in die register van die kantoor van die Griffier van die Hooggeregshof in Die Teokrasie van Gelofteland. Sodanige eksemplaar is afdoende bewys van die bepalings van so 'n Wet.

**32 BEKENDSTELLING VAN WETTE**

Nadat die Goewerneur 'n Wet onderteken het word die Wet in die Staatskoerant gepubliseer.

**33 INWERKINGTREDING VAN WETTE**

'n Wet tree in werking op die datum soos in die staatskoerant afgekondig.

**34 SESSIE VAN DIE RAAD VAN RIGTERS**

Daar is minstens een maal elke jaar 'n sessie van die Raad van Rigters sodat daar nie 'n tydperk van langer as driehonderd-vyf-en-sestig dae tussen die laaste sitting in een sessie en die eerste sitting in die volgende sessie verloop nie.

**DEEL VII**
**UITVOERENDE GESAG**

35 **DIE UITVOERENDE GESAG**

Uitvoerende Gesag berus by die Goewerneur handelende op advies van die Uitvoerende Raad:

35.1 Die Uitvoerende Gesag van Die Teokrasie van Gelofteland ten opsigte van enige aangeleentheid wat sy binnelandse of buitelandse sake raak, berus by die Goewerneur handelende op advies van die Uitvoerende Raad.

35.2 Behalwe waar uitdruklik anders bepaal word, word 'n verwysing in hierdie Wet na die Goewerneur geag 'n verwysing te wees van die Goewerneur handelende op advies van die Uitvoerende Raad.

**36 UITVOERENDE RAAD (UR)**

36.1 Die Raad van Rigters bepaal die getal portefeuljes.

36.2 Die Uitvoerende Raad word saamgestel uit die lede van die Raad van Rigters. Enige lid van die Raad van Rigters kan 'n lid nomineer vir die Uitvoerende Raad. 'n Nominasie is geldig indien dit deur twee sekondante gesekondeer is.

36.3 Nominasies word skriftelik ingedien.

36.4 'n Nominasiebrief mag een of meer lede gelyktydig voorstel met 'n maksimum getal gelykstaande aan die getal protefeuljes wat bepaal is.

36.5 Voordat nominasies vir lede van die Uitvoerende Raad gevra word, word 'n dag van vas en gebed vir die hele land afgekondig. Ons hemelse Vader se beslissing en Sy seëninge word gevra.

36.6 Die nominasies word aan die Raad bekend gemaak en elke lid kry 'n geskrewe lys van alle nominasies.

36.7 Lede kry die geleentheid om op die nominasielys aan te dui indien 'n nominasie teengestaan word.

36.8 'n Nominasie wat nie teëgestaan word nie, word geag dat die kandidaat eenparig aangewys word as lid van die Uitvoerende Raad.

36.9 Oor elke kandidaat wie se nominasie teëgestaan is, word die lot gewerp deur die voorsitter in die Raad van Rigters in teenwoordigheid van die Raad.

36.10 Wanneer JHWH(die HERE) meer lede aanwys as waarvoor daar portefeuljes is, word portefeuljes volgens beurtindeling behartig en die beurtindeling word
deur lotsbeslissing aangewys.

36.11 Wanneer te min lede van die Uitvoerende Raad aangewys is, word die proses herhaal en hou aan totdat daar genoeg lede aangewys is.

36.12 Wanneer 'n kandidaat afgewys word mag hy/sy nie weer genomineer word nie, maar hy/sy mag weer genomineer word indien 'n vakature by latere geleentheid sou ontstaan.

36.13 In geval waar 'n vakature ontstaan word dieselfde prosedure gevolg soos in hierdie Artikel beskryf word, uitgesonderd Sub-Artikel 36.1.

36.14 'n Lid van die Uitvoerende Raad bly lid van die Raad van Rigters.

36.15 'n Lid van die Uitvoerende Raad bly aan diens vir 'n periode van vyf jaar wat ooreenstem met die diensperiode van die Raad van Rigters.

36.16 Wanneer 'n lid van die Uitvoerende Raad oor enige rede tydelik nie in staat is om enige van die funksies van sy amp te verrig nie, kan die Goewerneur 'n ander lid van die Uitvoerende Raad aanstel om in hierdie lid se plek op te tree, hetsy in die algemeen, hetsy om 'n bepaalde funksie te verrig.

**37 DIE AANWYSING VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE RAAD**

37.1 Die Voorsitter van die Uitvoerende Raad word in die Raad van Rigters aangewys en staan bekend as die Goewerneur.

37.2 Slegs lede van die Uitvoerende Raad kan genomineer word as Voorsitter.

37.3 'n Lid van die Raad van Rigters mag net een persoon nomineer gesteun deur twee sekondante.

37.4 Die prosedure van aanwysing is stap vir stap ooreenstemmend soos uiteengesit in Artikel 23, Sub-Artikels 23.3, 23.4, 23.5, 23.6, 23.7, 23.8, 23.9, 23.10, 23.11 en 23.12 om gekies te word as Voorsitter van die Uitvoerende Raad en waar Artikel 23, Sub-Artikels 12(a),(b),(c),(d) en (e) wel gelees word as die Raad van Rigters.

37.5 Die Voorsitter van die Uitvoerende Raad word voor die Voorsitter van die Raad van Rigters aangewys.

**38 DIE AANWYSING VAN DIE ADJUNK-VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE RAAD**

38.1 Die Adjunk-Voorsitter van die Uitvoerende Raad word tegelykertyd met die aanwysing van die Voorsitter aangewys. Die Adjunk-Voorsitter moet die Voorsitter se pligte in sy afwesigheid waarneem.

38.2 Indien die amp van Voorsitter gedeel word, dan ageer 'n medevoorsitter as Waarnemende Voorsitter tydens die Voorsitter se beurtneming.

**39 DIE PLIGTE VAN 'N LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD**

39.1 'n Lid van die Uitvoerende Raad staan aan die hoof van 'n Staatsdepartement en -

(a) moet verslag doen aan die Raad van Rigters;
(b) moet as beleidmaker leiding gee aan amptenare;
(c) moet as amptelike woordvoerder in die publiek optree; en
(d) moet die Staatsdepartement se jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Raad voorlê;
(e) is verantwoordelik vir die opstel van Konsepwetgewing waar van toepassing op die bedieningsveld van die Staatsdepartement en vir die voorlegging aan die Raad van Rigters.
(f) tree op as voorsitter en as sameroeper van toepaslike gekose komitees.

39.2 'n Lid van die Uitvoerende Raad neem deel aan gesamentlike besluitneming van die Raad om landsbestuur op 'n daaglikse basis te behartig.

**40 PLIGTE VAN DIE GOEWERNEUR**

40.1 As Hoofuitvoerende ampsdraer van die Staat is hy/sy die openbare woordvoerder van die Uitvoerende Raad.

40.2 Hy/sy ken op die advies van die Uitvoerende Raad portefeuljes toe aan lede van die Raad.

40.3 Hy/sy reël die vergaderings van die Uitvoerende Raad en benoem 'n lid van die uitvoerende raad om 'n Raadsvergadering te open met skriflesing en gebed en te sluit met gebed.

40.4 Hy/sy bepaal die tye vir die sessies van die Raad van Rigters met behoorlike inagneming van hierdie Wet.

40.5 Hy/sy is in ooreenstemmming met Sub-Artikels 40.6 en 40.7 die Oppergesag oor die Weermag waarby portefeuljebestuur nie noodwendig ingesluit is nie.

40.6 Hy/sy kondig krygswet af of beëindig dit nadat JHWH(die HERE) deur lotsbepaling geraadpleeg is.

40.7 Hy/sy verklaar oorlog en sluit vrede nadat JHWH(die HERE) deur lotsbepaling geraadpleeg is.

40.8 Hy/sy stel aan, akkrediteer, ontvang en erken ambassadeurs, gevolmagtigdes, diplomatieke verteenwoordigers en amptenare, konsuls en konsulêre amptenare nadat JHWH(die HERE) deur lotsbepaling geraadpleeg is.

40.9 Hy/sy gaan internasionale konvensies aan asook verdrae en ooreenkomste en bekragtig dit nadat JHWH(die HERE) deur lotsbepaling geraadpleeg is.

40.10 Hy/sy mag wetsoortreders begenadig of aan hulle grasie verleen, hetsy onvoorwaardelik op die voorwaardes wat hy/sy goedvind, en hy/sy mag boetes, of verbeurings kwytskeld nadat JHWH(die HERE) deur lotsbepaling geraadpleeg is.

40.11 Hy/sy mag eerbewyse toeken.

40.12 Hy/sy moet die seremoniële pligte van 'n staashoof uitvoer namens en tot eer van die Koning, JaHoshua/Jesus die Gesalfde van JHWH.

40.13 Hy/sy moet toesien dat die Staatshuishouding, volksordening en burgerlike samelewing die ontwyfelbare getuienis dra dat die Enige, Ewige en Almagtige JHWH(die HERE), ons Elohim/(God) onder die Geloftevolk vir Hom 'n Huis gestig het tot eer van Sy Groot Naam en dat Hy deur Sy Seun, JaHoshua/Jesus, die Koning, ons volk bestuur deur Sy dienswillige diensknegte .

**41 BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BESTUUR**

41.1 Eenparige besluitneming moet nagestreef word.

41.2 Wanneer besluitneming nie eenparig bereik kan word nie of wanneer 'n lid dit versoek, moet die Goewerneur, of in sy afwesigheid, sy Adjunk ons hemelse Vader in die Naam van die Koning in gebed versoek om sy beslissing bekend te maak en dan die lot werp.

41.3 Na elke beslissing, hetsy deur eenparige besluit, hetsy deur lotsbeslissing, word ons Vader, in die Naam van die Koning, gedank en versoek dat die besluit tot eer van Sy Groot Naam en tot heil van die volk uitgevoer sal kan word.

**42 KWORUM VAN DIE UITVOERENDE RAAD**

42.1 Wanneer behoorlik daartoe kennis gegee is, word die Raad as verteenwoordigend beskou wanneer een meer as die helfte van die lede van die Raad teenwoordig is by 'n vergadering van die Raad.

42.2 Wanneer daar 'n tydsverloop van vier-en-twintig uur of meer bestaan vanaf die kennisgewing tot die vergadering wat belê word, word die kennisgewing as behoorlik geag.

**DEEL VIII**

**PLAASLIKE GESAG**

**43 AFDELINGSRAAD (AR)**

43.1 Die land word in kiesafdelings verdeel ooreenkomstig Artikel 17 en elke kiesafdeling het 'n Afdelingsraad.

43.2 Die Afdelingsraad funksioneer oor die termyn wat ooreenstem met die termyn van die Raad van Rigters met dien verstande dat die Afdelingsraad funksioneer totdat die Afdelingsraad die lid van die Raad van Rigters vir 'n opvolgende termyn aangewys het asook die lede van die Afdelingsraad vir die opvolgende termyn aangewys het.

**44 DATUM VAN AANWYSING VAN DIE AFDELINGSRAAD**

Die Goewerneur bepaal die datum vir die aanwysing van die Afdelingsraad soos beskryf in Sub-Artikel 14(a).

**45 AANWYSING VAN DIE AFDELINGSRAAD**

45.1 Enige burger waarvan die kiesreg nie opgeskort is nie, kan 'n ander burger waarvan die reg nie opgeskort is nie, nomineer vir die Afdelingsraad, vergesel van 'n *Curriculum Vitae* en minstens twee sekondante waarvan die Kiesreg nie opgeskort is nie. Soos in die geval van die voorsteller en die kandidaat moet volle besonderhede van sekondante ook saam met die voorstel ingedien word.

45.2 'n Kieswyk wat bestaan uit vyftig of meer geregistreerde lede wat burgers is waarvan die kiesreg nie opgeskort is nie, kan enige burger waarvan die kiesreg nie opgeskort is nie nomineer. Die nominasie word vergesel van 'n *Curriculum Vitae* en onderteken deur twee verteenwoordigers van die kieswyk asook 'n volledige lys van geregistreerde lede van die kieswyk. Die genomineerde is nie noodwendig 'n lid van die kieswyk nie.

45.3 'n Minimum van sewe lede moet aangewys word vir die Kies-Afdelingsraad.

45.4 Die aanwysing van die Afdelingsraad vind plaas ooreenkomstig die prosedure soos beskryf in Artikel 19 en Sub-Artikels 20.1, 20.2, 20.3 en 20.7.

45.5 Indien te min lede aangewys word moet nuwe nominasies aangevra word.

**46 KWALIFIKASIES VAN LEDE VAN DIE AFDELINGSRAAD**

46.1 'n Persoon is bevoeg om 'n lid van die Afdelingsraad te wees ooreenstemmend met die vereistes soos uiteengesit in Sub-Artikels 15(a), 15(b), 15(c), 27(a), 27(b), 27(c) en 27(d).

46.2 'n Burger mag nie gelyktydig 'n lid wees van die Afdelingsraad en die Raad van Rigters nie.

47 'n Lid van die Afdelingsraad hou op om lid van die Raad te wees onder omstandighede soos beskryf in Sub-Artikels 28(a), 28(b) en 28(c).

**48 VAKATURE OP DIE AFDELINGSRAAD**

48.1 Wanneer 'n vakature op die Afdelingsraad ontstaan en die oorblywende getal lede is nie minder as sewe nie, dan word die vakature nie aangevul nie.

48.2 Wanneer die vakature op die Raad ontstaan en die oorblywende getal lede is minder as sewe, dan word die vakature met een of meer lede aangevul ooreenkomstig bepalings in Artikel 44 en Sub-Artikels 45.1, 45.2, 45.4, 45.5 en Artikel 46.

**49 KWORUM**

Die Afdelingsraad word geag in volle sitting te wees wanneer die getal lede wat teenwoordig is bestaan uit die minimum van die helfte lede plus een.

**50 VOORSITTER VAN DIE AFDELINGSRAAD**

Die Afdelingsraad wys met die eerste sitting 'n Voorsitter aan:

50.1 By die eerste sitting neem die oudste lid van die Raad waar as Voorsitter.

50.2 Enige lid kan enige lid nomineer en die nominasie moet skriftelik ingedien word tesame met twee sekondante.

50.3 Wanneer 'n Voorsitter nie eenparig aangewys word nie, moet die Waarnemende Voorsitter die lot werp ten opsigte van elke kandidaat nadat die Waarnemende Voorsitter ons hemelse Vader in gebed gevra het om Sy beslissing te gee.

50.4 Wanneer meer as een Voorsitter deur die lotsbeslissing aangewys word, dien die aangewese Voorsitters soos bepaal deur Sub-Artikels 23.7 en 23.8.

50.5 Na die aanwysing van die Voorsitter word gehandel ooreenkomstig Sub-Artikel 23.11.

**51 PLIGTE VAN DIE AFDELINGSRAAD**

Die Afdelingsraad:

51.1 Hanteer aansoeke vir die stigting van kieswyke in die kiesafdeling en verwys goedgekeurde wyke na 'n landdroskantoor vir registrasie;

51.2 Verdeel die kiesafdeling in administratiewe wyke;

51.3 Stel amptenare aan vir plaaslike bestuur;

51.4 Is verantwoordelik vir plaaslike bestuur in die kiesafdeling;

51.5 Moet verantwoording doen oor die inkomste en uitgawe binne die kiesafdeling met geouditeurde state; aan
(a) die lid van die Uitvoerende Raad belas met plaaslike bestuur; en
(b) die burgers soos beskikbaar vir openbare insae by landdroskantore vir 'n Tydperk van een maand vandat die strate aan die lid van die Uitvoerende Raad voorgelê is;

51.6 Stel die jaarlikse begroting op wat voorgelê word soos in hierdie Artikel in Sub-Artikels 5(a) en 5(b) uiteengesit.

51.7 Kan op grond van behoeftebepaling in die burgerlike samelewing, motivering vir wetswysiging of nuwe wetgewing aan die Goewerneur voorlê.

51.8 Kan deur 'n landdroshof aangespreek en/of terreggewys word.

51.9 Behartig sake wat na die mening van die Goewerneur deel van plaaslike pligte mag wees.

**52 PLIGTE VAN DIE VOORSITTER VAN DIE AFDELINGSRAAD**

Die Voorsitter van die Afdelingsraad:

52.1 belê Raadvergaderings;

52.2 benoem 'n lid om die vergadering met Skriflesing en gebed te open en met gebed te sluit; en

52.3 tree op as woordvoerder van die Raad;

52.4 se termyn as Voorsitter verstryk wanneer die Raad se termyn verstryk.

**53 VAKATURE**

Wanneer 'n Voorsitter van die Afdelingsraad om enige rede hoegenaamd tydelik of permanent nie in staat is om sy/haar pligte uit te voer nie, moet die Onder-Voorsitter die pligte oorneem.

**54 ONDER-VOORSITTER VAN DIE AFDELINGSRAAD**

54.1 Wanneer meer as een Voorsitter aangewys word ageer die medevoorsitter, wat in 'n volgende beurt volgens beurt-indeling sou voortgaan as Voorsitter en word geen Onder-Voorsitter aangewys nie.

54.2 Indien slegs een Voorsitter aangewys word dan word ter gelykertyd ook 'n Onder-Voorsitter aangewys ooreenkomstig Artikel 50.

**55 KIESWYKE**

55.1 'n Kieswyk word saamgestel uit 'n groepering van burgers waarvan die kiesregte nie opgeskort is nie.

55.2 'n Kieswyk word spontaan deur burgers op grondvlak saamgestel en mag as selfgeorganiseerde groep uit enige motivering tot assosiasie tot stand kom. (Voorbeelde mag as volg wees: gemeentes, woonbuurte, landbouverenigings, familiebande, ens.)

55.3 'n Kieswyk moet met 'n aanvaarding en aanbeveling deur die Afdelingsraad by die Landdros registreer. Die Geregistreerde Kieswyk geniet permanensie vir solank die lede-register in stand en geldig bly.

55.4 ‘n Kieswyk kwalifiseer vir registrasie wanneer die groepering uit minstens 50 burgers met volle Kiesregte bestaan. Bewys van lidmaatskap asook volle besonderhede van lede moet in ‘n register aangeteken wees.

55.5 ‘n Burger se kiesreg mag net binne een kieswyk gewig dra as deel van die kwalifiserende register.

55.6 ‘n Kieswyk mag een nominasie by die Afdelingsraad indien vir die Raad van Rigters. ‘n Lid van die Kieswyk tree op as voorsteller en twee lede tree op as sekondante.

55.7 ‘n Kieswyk kan ‘n maksimum getal nominasies, gelykstaande aan die minimum getal lede wat vir ‘n Afdelingsraad benodig word, gelyktydig doen met een voorsteller en twee sekondante vir die verkiesing van die Afdelingsraad.

55.8 ‘n Kieswyk se lede is nie noodwendig geografies gegroepeer nie, maar die domicili van die kieswyk moet binne die grense van ‘n kiesafdeling val.

55.9 ‘n Kieswyk kan ook by die Afdelingsraad geakkrediteer word om sekere diensfunksies vir die Afdelingsraad te verrig as deel van die Afdelingsraad se administratiewe funksies in plaaslike bestuur.

## DEEL VII
## DIE REGSPLEGING

56 Die Regstelsel pas die Wet toe en moet die bedoeling van die Wetgewer interpreteer, maar het geen wetgewende bevoegdheid nie.

57 Die Regstelsel moet toesien dat die vereistes van hierdie Wet deur die Wetgewende Raad toegepas word.

58 **DIE HOOGGEREGSHOF**

Samestelling van howe en regsprekers:

58.1 Die hoogste regsprekende gesag berus by die Hooggeregshof wat die Hooggeregshof van Gelofteland heet.

58.2 Die Hooggeregshof het ‘n Appélafdeling.

58.3 Die regspraak in die Hooggeregshof word deur Regters behartig.

59 **AANWYS VAN REGTERS**

59.1 Die Regters word deur ‘n Regsraad vir die Hooggeregshof aangewys en deur die Goewerneur aangestel vir die tydperk soos deur die Raad van Rigters Bepaal.

59.2 Die Goewerneur nomineer ‘n minimum aantal van 5 gekwalifiseerde regskundige burgers om te dien op die Regsraad.

59.3 Lede van die Regsraad word aangewys deur die Raad van Rigters wat onderhoude met die genomineerdes sal voer en word deur die Goewerneur aangestel.

59.4 Die Lede van die Regsraad stel uit hul eie geledere ‘n voorsitter aan by gebreke waaraan die oudste persoon tydelik as voorsitter sal waarneem.

59.5 Soveel Regters as wat die Goewerneur versoek word uit die geledere van die Regsraad aangewys.

59.6 ‘n Hoofregter en Adjunk-Hoofregter word deur die Regters uit hul eie geledere verkies en sal deur die Goewerneur aangestel word vir sodanige tydperk as deur die Raad van Rigters bepaal.

59.7 Indien ‘n bepaalde aanstelling nie eenparig kan geskied nie, sal die lot gewerp word oor elke betrokke kandidaat en indien meer as een kandidaat sodoende aangewys word, sal elkeen ‘n gelyke deel van die dienstydperk diens doen.

60 **DIE LAERHOF**

60.1 Die Laerhof heet die Landdroshof en die Regsprekers heet Landdroste.

60.2 ‘n Regsraad vir die Landdroshof word aangestel op dieselfde wyse as die Regsraad vir die Hooggeregshof en die bepalings van artikels 59.1 tot 59.7 geld mutatis mutandis ten opsigte van die aanstelling van ‘n Hooflanddros en Landdroste.

61 **ADMINISTRATIEWE WERKSAAMHEDE IN VERBAND MET DIE REGSPLEGING**

Alle administratiewe bevoegdhede, werksaamhede en pligte in verband met die regspleging is onder beheer van die Lid van die Uitvoerende Raad belas met Justisie.

62 **STRAFGEDINGE EN OORGANGSBEPALINGS**

62.1 Geen strafregtelike verrigtinge wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die naam van die Republiek van Suid-Afrika ingestel moet word of enige sodanige verrigtinge wat nie afgehandel is nie, sal ingestel word of voortgesit word in enige hof in die Teokrasie van Gelofteland nie.

62.2 Geen siviele geding wat nie afgehandel is in die Republiek van Suid-Afrika nie, sal met die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Teokrasie van Gelofteland in enige hof voortgesit word nie.

63 **BURGERSKAP**

Burgerskap word deur registasies verkry. ‘n Persoon aan wie ‘n sertefikaat van Registrasie toegeken word, is vanaf die datum van die uitreiking van die sertifikaat ‘n burger van die Teokrasie van Gelofteland.

64 **BURGERSKAP DEUR AFKOMS**

64.1 ‘n Persoon wat jonger as agtien jaar oud is en se ouers of moeder of vader ‘n burger is, ontvang burgerskap onder voogdy. ‘n Burger onder voogdy is geregtig op alle voorregte wat in die volkshuishouding vir burgerlike gesinne bepaal word uitgesonder die regte en voorregte van volle burgerskap.

64.2 Burgerskap onder voogdy verval met ouderdom agtien jaar waarna die persoon aansoek moet doen vir registrasie van burgerskap by gebreke waarvan die persoon nie meer geag word ‘n burger te wees nie en vreemdeling status sal beklee.

64.3 Burgerskap onder voogdy bly van krag, afgesien van ouderdom, wanneer ‘n persoon as verstandelik gestremd gesertifiseer sou wees.

65 **DIE HUWELIK RAAK NIE BURGERSKAP NIE.**

Geen getroude persoon kan burgerskap verkry of verbeur ten gevolge van ‘n huwelik wat aangegaan is nie.

66 **VERBEURING VAN BURGERSKAP**

66.1 ‘n Persoon hou op om ‘n burger van die Teokrasie van Gelofteland te wees wanneer hy/sy na verloop van ses maande nadat burgerskap deur registrasie verkry is, burgerskap van ‘n ander land verwerf maar steeds binne die grense van die Land aanbly.

66.2 Wanneer beide ouers ophou om ‘n burger te wees hou hul minderjarige kinders ook op om burgers onder voogdy te wees.

66.3 Wanneer ‘n persoon vir ‘n ononderbroke tydperk van minstens tien jaar buite die Teokrasie van Gelofteland woonagtig is, verval die burgerskap met uitsluiting van enige tydperk wat-

(a) hy/sy in diens van die Regering is, of
(b) hy/sy ‘n verteenwoordiger is van ‘n persoon of instansie wat in die Teokrasie van Gelofteland geregistreer is, of
(c) hy/sy aldus woonagtig is ten opsigte waarvan die Goewerneur vrystelling verleen het onderworpe aan die voorwaardes wat die Goewerneur goedvind.

66.4 Die Goewerneur kan ‘n persoon se burgerskap na deeglike ondersoek deur bevel ontneem indien-

(i) hy oortuig is dat die sertifikaat van registrasie onder valse voorwaardes verkry is, of
(ii) ‘n burger deur handeling of spraak toon dat hy/sy nie meer voldoen aan vereistes Vir kwalifisering soos uiteengesit in Artikel 9 nie.
(iii) ‘n burger weens hoogverraad, oproer of openbare geweld skuldig bevind Is.

67 **STATUS VAN 'N PERSOON WAT OPHOU OM 'N BURGER VAN DIE TEOKRASIE VAN GELOFTELAND TE WEES.**

Wanneer iemand ophou om 'n burger te wees word hy/sy geag 'n vreemdeling te wees en word 'n periode van hoogstens ses maande toegelaat om die toepaslike permit vir verblyf aansoek te doen. By so 'n aansoek sal die redes vir die neerlegging van burgerskap oorweeg word.

68 **VOORBEHOUD VAN VERPLIGTINGE AANGEGAAN VOOR VERLIES VAN BURGERSKAP**

Wanneer iemand ophou om 'n burger van die Teokrasie van Gelofteland te wees, word hy/sy nie daardeur van enige verpligtinge, plig of aanspreeklikheid in verband met enige handelinge aangegaan voordat hy/sy opgehou het om 'n burger te wees, onthef nie.

69 **HERNEMING VAN BURGERSKAP VAN DIE TEOKRSIE VAN GELOFTELAND.**

Indien 'n persoon ingevolge sub-artikel 65.1,65.2 en 65.3 opgehou het om 'n burger te wees en na die Teokrasie van Gelofteland terugkeer vir permanente verblyf en volgens die wetsbepaling wat dan in die Teokrasie van Gelofteland van krag is, nie 'n verbode persoon is nie, kan die Goewerneur op aansoek so 'n persoon toelaat om sy/haar vorige burgerskap te herneem en 'n sertifikaat te dien effekte aan hom/haar uitreik.

70 **VOOLIGTING IN DIE VERANTWOORDELIKHEDE, VOORREGTE EN VEREISTES VAN BURGERSKAP VAN DIE TEOKRASIE VAN GELOFTELAND**

Die Goewerneur kan sodanige fasiliteite as wat hy/sy nodig ag daarstel ten einde applikante vir burgerskap 'n staat te stel om voorligting in verband met die vereistes, verantwoordelikhede en voorregte van burgerskap te ontvang.

71 **VEREISTES VIR DIE VERKRYGING VAN BURGERSKAP VAN DIE TEOKRASIE VAN GELOFTELAND.**

Om te voldoen aan die vereistes vir die verkyging van burgerskap moet 'n persoon -

71.1 bewys lewer van die nodige kennis van die vereistes, verantwoordelikhede en die voorregte van burgerskap;

71.2 die begeerte toon en onderneem om hom/haar te vereenselwig met die verbinding, nakoming en uitlewing van die Verbonde wat die Geloftevolk met JHWH(die HERE) deur bemiddeling van die Koning, Jahoshua, gesluit het;

71.3 in die algemene lewensomgang tot eer van die Koning leef en sal kan bydra tot 'n harmonieuse lewensorde in die Geloftevolk en as sulks deur die volksgenote aanvaar sal word;

71.4 aan die vereistes voldoen en die begeerte toon om Afrikaans as voertaal te gebruik;

71.5 agtien jaar of ouer wees;

71.6 met die vereiste kennis die grondslag en oogmerke van hierdie Wet van harte onderskryf en onderneem om hom/haar daaraan toe te wy as lid van die Geloftevolk;

71.7 met 'n eed trou aan die Teokrasie van Gelofteland verklaar en onderneem om sy wette te gehoorsaam en alles te bevorder wat tot eer van JHWH(die HERE) in die volkshuishouding en tot voordeel van die land sal strek en alles sal bestry wat skadelik is.

**72 VOORLOPIGE BURGERSKAP**

72.1 'n Persoon kan voor die inwerkingtreding van die Wet registrasie van voorlopige burgerskap verkry wanneer sodanige fasiliteite sou bestaan.

72.2 Registrasie sowel as die handhawing van voorlopige burgerskap is onderhewig aan Sub-Artikel 64.1,64.2,64.3, Artikel 65, Sub-Artikel 66.2 en Artikel 71.

72.3 Voorlopige burgerskap gaan oor in burgerskap met die inwerkingtreding van die Wet.

**73 ARTIKEL 72 VERVAL**

Artikel 72 verval met die inwerkingtreding van die Wet.

**DEEL VIII**
**ALGEMEEN**

74 **BESTAANDE WETTE BLY VAN KRAG**

Behoudens die bepalings van hierdie Wet bly alle wette wat tot en met 6 September in die jaar 1966 in die Republiek van Suid-Afrika gegeld het van krag, totdat hulle deur bevoegde gesag herroep of gewysig word.

75 **AMPTELIKE TAAL**

Die amptelike taal in die Teokrasie van Gelofteland is Afrikaans.

76 **WYSIGING VAN WET**

76.1 Die Raad van Rigters kan:

(a) enige bepaling van hierdie Wet herroep of verander uitgesonderd Artikel 9. Met dien verstande dat geen herroeping of verandering geldig is tensy die volle Raad in ‘n voltallige sitting eenparig instem dat die beginsel van wysiging aan JHWH(die HERE) voorgelê word vir sy uitspraak deur die lot nie. By die sitting is die volle Raad die kworum.

(b)Artikel 9 is nie veranderbaar nie.

76.2 Wanneer die beginsel van wysiging oorweeg word, word geen voorlegging in ‘n Konsep-wysiging vereis nie, maar slegs ‘n skriftelike voorstel dat ‘n wysiging oorweeg sal kan word.

76.3 Wanneer goedkeuring ingevolge Sub-Artikel 76.1 hierbo verkry word, word die prosedure van Konsep-voorlegging en wetgewing gevolg soos in hierdie Wet omskryf word.

**77 DIE LOTSBEPALING**

**77.1** Lotsbepaling sonder dat Godspraak van JHWH (die HERE) deur gebedsmeking gevra word en met danksegging voleindig word, is niksseggend en ‘n blote gelykkansige bepaling en aldus ingevolge hierdie Wet ongeldig.

**77.2 VIR DIE LOTSBEPALING OM GEVOLG TE GEE AAN HIERDIE WET WORD DIE VOLGENDE BENODIG:**

(a) Sewe ewe groot leersakkies met ‘n gerieflike inhoudsmaat om vrye beweging te kan gee aan die lotsteentjies;
(b) Sewe stelle van drie spoelklippies waarvan elke stel van drie eenders is in gewig en vorm en wat duidelik in kleur verskil;
(c) ‘n oppervlak wat waterpas gelyk is waarop die lotsteen kan val sonder dat dit afrol;
(d) ‘n kluis waarin die sakkies met steentjies bewaar word in die Raadsaal.

77.3 **DIE PROSEDURE VAN LOTSBEPALING**

(a) In elk van die sewe leersakkies word die steentjies bewaar wat eenders in vorm en gewig is en waarvan die kleur duidelik onderskeibaar is.
(b) Die stelle van steentjies in die verskillende sakkies mag verskil.
(c) Die oudste in die Raad neem enige sakkie met sy steentjies uit die kluis in die afwesigheid van die persoon wie die lot moet werp.
(d) Die oudste in die Raad haal die lotsteentjies uit die sakkie en plaas dit op die oppervlakte en maak die kleure aan die Raad bekend en gee geleentheid vir besigtiging deur lede van die Raad.
(e) Dit word deur die oudste van die Raad voorgelê hoe die lotsteentjies geïnterpreteer sal word – een vir nee, een vir onbeslis en een vir ja. Na instemming van die Raad word dit op skrif gestel.
(f) Waar JHWH geraadpleeg word oor ‘n saak word drie steentjies gebruik soos in subartikel 66.3(e) bepaal en wanneer JHWH geraadpleeg word by die aanwys van ‘n persoon word twee steentjies gebruik – een vir ja en een vir nee.
(g) Nadat die interpretasie deur die Raad bepaal is gaan die oudste van die Raad die Raad voor in gebed tot JHWH(die HERE) waarin die interpretasie van die steentjies voorgelê word. JHWH(die HERE) word dan gevra om Sy wil aan die Raad deur die lot bekend te maak.
(h) Die oudste plaas die steentjies in die houer. Die persoon wie die lot werp word ingeroep en ontvang die sakkie met steentjies.
(i) Die opening in die sakkie word toegevat en die steentjies word vryelik in die sakkie geskud.
(j) Die sakkie word dan vertikaal vas gehou met die hand op die opening.
(k) Met die ander hand word twee steentjies vas gevat en een steentjie vry gelaat op die oppervlakte. Waar slegs twee steentjies gebruik word, word een vasgevat en een vrygelaat.
(l) Die vergadering verwag die lotsbepaling staande in eerbied vir die teenwoordigheid van JHWH(die HERE) deur die Seun Jahoshua(Jesus), ons Koning.

(m) Die lede van die vergadering kry geleentheid om die beslissing te ondersoek.
(n) Die oudste en die persoon wie die lot gewerp het bly in hul oorspronklike posisie staan.
(o) Nadat die vergadering die lotstene besigtig het verklaar die vergadering eenstemmigheid ten opsigte van die interpretasie van die lotsbepaling.
(p) Die uitslag word dan genotuleer.
(q) Die oudste gaan die vergadering voor in dankgebed tot JHWH(die HERE).
(r) Die steentjies word dan terug in die leersakkie geplaas en die sakkie word in die kluis terug gesit. Die leersakkies word herrangskik sodat sakkies ewekansig by herhaling gebruik kan word.

**78 KORT TITEL EN INWERKINGSTELLING**

Hierdie Wet heet die Grondwet van die Teokrasie van Gelofteland. Die Wet tree in werking op die datum soos deur JHWH (die HERE) bepaal is en word van krag oor die grondgebied wat deur Hom toegedeel is en as sulks aan die Geloftevolk aangewys sal word.

79 **OPSOMMING, GEES EN DOEL VAN DIE WET IS 'N PSALM VAN DAWID**

**Psalm 24**

1 Die aarde behoort aan die HERE (JHWH) en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
2 want Hý het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.
3 Wie mag klim op die berg van die HERE (JHWH)? En wie mag staan in sy heilige plek?
4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.
5 Hy sal seën wegdra van die HERE (JHWH) en geregtigheid van die God (Elohim)van sy heil.
6 Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek - *dit is* Jakob. Sela.
7 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE (JHWH), sterk en geweldig, die HERE (JHWH) geweldig in die stryd.
9 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
10 Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE (JHWH) van die leërskare - Hy is die Erekoning! Sela.

| | **HERROEPE WETTE** | |
|---|---|---|
| **No en jaar van Wet** | **Titel van Wet** | **In hoeverre herroep of gewysig** |
| 44 van 1949 | Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap. | Die geheel |
| 32 van 1961 | Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika | Die geheel |